

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 3: Lech L'cha (לך לך) Jy, Gaan jy!**

יהרה *het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na ‘n land wat Ek jou sal wys... Gen. 12:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Gen. 12:1 tot 17:27

**Haftorah:** Jes. 40:27 tot 41:16.

**Nuwe Verbond:** Matt. 1:1 tot 17; Hand. 7:1 tot 8, Rom. 4:1 tot 25; Gal. 3:1 tot 29; Heb. 7:1 tot 19; Heb. 11:8 tot 12.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 3 wat afgelaai kan word by: [Parashah3Notas14](#), [Parashah3Notas15](#) en by [Parashah3Notas.16](#).

*History is in the hand of God – He knows it from its beginning to its end. God owns history. He knows every detail – Anonymous.*

*There is no sin so prevalent, so insidious, and so deep as the sin of fearing people more than we fear God – Kevin DeYoung.*

*The remarkable thing about God is that when you fear God, you fear nothing else, whereas if you do not fear God, you fear everything else – Oswald Chambers.*

*YHVH does not want intellectual converts. He wants committed disciples – Yedidah.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL\_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch), maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het ons die betekenis van genade (guns) en onpartydige opregtheid (geregtigheid) bespreek.

Ons het gesien dat genade en geregtigheid net so deel van die ou verbond was as wat dit deel van die nuwe verbond is! Van die begin af behels YHVH se onpartydige opregtheid (geregtigheid; Hebreeus: *Tzadeek*) dus vertroue en getrouheid (gehoorsaamheid), naamlik vertroue wat met gepaste handeling volgens YHVH se vereistes, naamlik Sy Torah, gepaardgaan.

Maar YHVH se genade en geregtigheid van die nuwe verbond verskil wel van dié van die ou verbond! Daarom moet ons YHVH se geregtigheid (onpartydige opregtheid) van die nuwe verbond ken en hierdie geregtigheid doen deur gehoorsaamheid aan die Torah van YHVH soos dit in Yeshua volbring is. En dit beteken dat vertroue in Yeshua as die Messias tot versoening met YHVH die enigste weg tot die waarheid en die ewige lewe is. Soos Yeshua self gesê het:

*Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe nie, behalwe deur My.* Joh. 14:7.

In hierdie week se Torahskriflesing (*Lech L'cha*) leer ons dat Abraham ook deur vertroue en gehoorsaamheid regverdig (*tzadeek*) verklaar was.

*Avram het in יהיה* vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6

Abraham is deur vertroue in YHVH regverdig (opreg en onskuldig) verklaar, maar het deur gehoorsaamheid YHVH se seëninge deelagtig geword (Gen. 26:4 en 5).

### Abraham, Ons Vader van Vertroue

Abraham is die vader van ons vertroue tot geregtigheid.

*Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie.* Rom. 3:28.

*Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertroue, vir ons vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want in Hom is ons, deur vertroue, in hierdie onverdiende guns in gebring, waarin ons staan en ons verheug ons in die versekerde verwagting van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.* Rom. 5:1 en 2.

Daarom is ons wat glo in Yeshua as die Messias tot vergifnis van sonde, die nageslag van Abraham en deel van Israel.

*Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, hulle is kinders van Avraham. God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word."* Gal. 3:7 en 8.

*As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:29..*

Op grond van ons vertroue in Yeshua Messias is ons dus kinders van Abraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Abraham is die vader van almal wat in Yeshua as die Messias glo (Rom. 4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene.

*Hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van sy onpartydige opregtheid deur vertroue, toe hy nog nie besny was nie sodat hy die vader kon wees van almal wat vertrou terwyl hulle onbesnede is sodat dit ook vir hulle as onpartydige opregtheid gereken kon word en net so ook is hy 'n vader van dié besnedenes wat nie alleen fisies besny is nie, maar ook loop in die voetspore van vertroue van ons vader Avraham, toe hy nog onbesnede was. Rom. 4:11 en 12.*

Hierdie belofte van geregtigheid deur vertroue in Yeshua as Messias en as die nageslag van Abraham geld vir Jood en nie-Jood.

*As gevolg hiervan sal iemand deur vertroue, wat uit onverdiende guns is, onskuldig verklaar word en sal die belofte seker wees vir al sy saad; nie alleen vir dié wat uit die geskrewe wet is nie, maar ook vir dié wat uit die vertroue van Avraham is, die vader van ons almal. Rom. 4:16.*

Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees, is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die geskrewe wet (die Torah van Moses) te onderhou of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur vertroue wat gepaardgaan met gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is, naamlik die Torah van Yeshua!

Abraham is die begin (die aardse vader) van YHVH se volk wat Hy as Sy eiendom geneem het.

*Deur vertroue het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is; daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, wat nie getel kan word nie, gebore. (Heb. 11:11 en 12).*

Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias.

*Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:28 en 29.*

### **Erfgenaam Van Die Verbond.**

Die verbond met Abraham staan sentraal tot YHVH se plan om alles te herstel tot soos dit was voor die sondeval. Dit is die beginpunt van die nuwe verbond!

Maar eerstens die vraag: Wat is 'n verbond? Die Hebreeus vir verbond is *b'rith* en kom 240 keer in die 1953 Afrikaanse Ou Vertaling van die Skrifte van die ou verbond (die Tanakh)

voor. Afhangend van die konteks waar dit voorkom, kan dit die volgende betekenis hê, naamlik 'n verbond en bloedverbond, maar kan ook 'n (plegtige) ooreenkoms, 'n verdrag, 'n verpligting en 'n eedswering beteken.

Sommige verbonde van YHVH is eensydig, naamlik 'n eedswering deur YHVH (Ps. 110:4) soos byvoorbeeld die verbond met Noag. YHVH sweer by Homself en stel geen voorwaardes (vereistes) aan die mens nie.

**8** *God het met Noag en sy seuns by hom gepraat en gesê:*

**9** *“Ek, let op, Ek sluit My verbond met julle en met julle nageslag ná julle*

**10** *en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die lewende diere van die aarde by julle; alles wat uit die ark uitgegaan het; al die diere van die aarde.*

**11** *Ek sal My verbond met julle vasmaak: nooit weer sal alle vlees deur die water van 'n vloed uitgewis word nie en daar sal nooit weer 'n vloed wees wat die aarde vernietig nie.”*

**12** *God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, sluit, vir ewige geslagte:*

**13** *My boog het Ek in die wolke gegee; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.*

Gen. 9:8 tot 13.

Met 'n eensydige eedswering deur YHVH is die mens dus nie direk betrokke by die sluit van die verbond nie. Hierdie tipe verbond is 'n verbond van 'n belofte wat YHVH aan die mens maak, soos duidelik blyk uit die verbond met Noag.

Maar met 'n bloedverbond is die mens, of 'n verteenwoordiger van die volk, betrokke by die sluiting van die verbond. Daarom bestaan die sluit van 'n bloedverbond altyd uit die volgende:

- 'n Aanbod van YHVH bevattende een of meer van die volgende: 'n voorstel, beloftes en voorwaardes.
- Die aanvaarding van die voorstel, beloftes en voorwaardes deur die mens, of deur die verteenwoordiger van die volk.
- Bekragtiging (verseëling) met bloed. Daarom word 'n verbond gesny. 'n Dier (of diere) was geneem en dan oor die lengte middeldeur gesny en die twee helftes teenoor mekaar geplaas. Die twee persone wat die verbond sluit, het dan rug-teen-rug tussen die twee helftes en in die bloed van die dier gestaan. Beide het dan in 'n sirkel geloop om aangesig-tot-aangesig te eindig. Die syfer 8 is op die wyse gevorm. Hierdie gedeelte simboliseer die sterwe aan die eie ek en die begin van 'n nuwe lewe (wandel) saam as verbondsvriende. Dit simboliseer ook die feit dat die een wat die bloedverbond verbreek moet sterf.

Die sny van die verbond is ook verwant aan die teken van die verbond wat ook deur sny en bloed gepaard gegaan het.

- Die eet van 'n verbondmaaltyd.

In die lig van die twee tipes verbonde moet die verbond van YHVH met Abraham verstaan word. Die verbond met Abraham is beide 'n eedswering deur YHVH en 'n bloedverbond!

## Verbond deur Eedswering.

In Gen. 12:1 tot 3 lees ons van die verbond met Abraham waar YHVH deur 'n eedswering die volgende belowe en onderneem:

יהוה *het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak en jy sal 'n seën wees en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.* Gen. 12:1 tot 3.

YHVH het by Homself gesweer dat Hy vir Abram sal seën en dat uit hom sal daar 'n groot nasie kom en in hom sal al die geslagte van die aarde geseën word. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs bevestig dit:

*want toe God aan Avraham die belofte gegee het, het Hy, aangesien Hy by geen meerdere 'n eed kon sweer nie, by Homself 'n eed gesweer en gesê: “Ek sal jou dubbel seën en jou met 'n dubbel maat vermeerder.* Heb. 6:13 en 14.

Hierdie is 'n verbond met 'n belofte en YHVH is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie en alles wat YHVH gesê het, sal hy doen (Num.23:19). Hier is geen doodstraf vir verbreking van die verbond nie, want die belofte is nie afhanklik van die mens se getrouheid nie! En YHVH is 'n getroue Verbonds-God (Deut. 7:9)

## Bloedverbond

Maar in Genesis hoofstuk 15 lees ons van die bloedverbond wat YHVH met Abram gesluit het. Abram het getwyfel en het daarom vir YHVH gevra:

*“יהוה-God wat sal U my gee aangesien ek sonder kinders doodgaan en die seun van die erfgenaam van my huis is hierdie Eli'ezer van Dammesek?” Verder het Avram gesê: “U het nie vir my 'n nageslag gegee nie en let op, 'n seun wat in my huis gebore is, is my erfgenaam.”* Gen. 15:2 en 3.

Maar YHVH het aan Abram gesê dat Ismael nie die erfgenaam sal wees nie, maar wel die een wat uit jou eie liggaam sal kom, hy sal jou erfgenaam wees – naamlik die seun wat uit die liggaam van Abram en Sarai sal kom (Gen. 15:4) – en hulle sal so baie wees soos die sterre aan die hemel (Gen. 15:5).

Abram wou egter 'n versekering hê dat hierdie belofte, asook die belofte van die land Kanaän, waar sal word (Gen. 15:7 en 8). Toe het YHVH 'n bloedverbond met Abram gesluit soos ons lees in Gen. 15:9 tot 12.

**9** *Hy antwoord hom: “Vat vir My 'n driejaaroud vers, 'n driejaaroud bokooi, 'n driejaaroud ram, 'n tortelduif en 'n jong duif.”*

**10** *Hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gesny en die helftes teenoor mekaar gelê, maar die voëls het hy nie in twee gesny nie.*

**11** *Toe die roofvoëls op die karkasse afkom, het Avram hulle weggejaag*

**12** *en toe die son besig was om onder te gaan, val daar 'n diepe slaap oor Avram en let op, verskrikking en groot duisternis het oor hom gekom.*

En dan lees ons in Gen. 15:17 'n baie belangrike deel van hierdie verbond met Abram:

*Dit het so gebeur dat ná sononder, toe dit heeltemal donker was, let op, 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die stukke vleis deur gegaan het.*

Die diepe slaap wat Abram oorval het in vers 12, was 'n geesverrukking ('n ekstase; Hebreus: *tardayma* – Strong's H8639). Wat het Abram dus gesien? Hy wat tussen die helfdes van die gesnyde diere geloop het, was Die Een in wie al die families van die aarde geseën sou word (Gen. 12:3), naamlik Yeshua Die Gesalfde Een! Yeshua was die verteenwoordiger van Abram en sy nageslag wat uit Isak sou kom! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua:

*Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.”*  
Joh. 8:56.

Dit beteken dat indien die bloedverbond met Abraham verbreek sou word, sou Yeshua as die verteenwoordiger van die nageslag van Abraham moes sterf! Want onthou: Verbreking van 'n bloedverbond is sonde en die loon van die sonde is die dood (doodstraf).

*Die eindproduk van die sonde is die dood, maar die geskenk van God is die ewige lewe, in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:23.*

Na die sluit van die bloedverbond met Abram is sy naam na Abraham verander en die van sy vrou Sarai na Sarah (Gen. 17:5 en 15). Die teken van die bloedverbond met Abraham was die besnydenis (Gen. 17:8 tot 14) en die verbondsmaaltyd is opgeteken in Gen. 18:1 tot 8.

## **Die Boek van die Verbond**

Israel het na die uittog uit Egipte by Sinai aangekom as die nageslag van Abraham en dus deel van die verbond van YHVH met Abraham. Hierdie verbond is die aand voor die uittog uit Egipte 'herbevestig' met die geslagde paaslam en die bloed aan die deurkosyne. Verwys Ex. 19:5 en 6. Onthou: YHVH het Israel van die Egiptiese slawejuk bevry omrede Hy die verbond aan Abraham onthou (*zakar*) het (Ex. 2:24)

As deel van die nageslag van Abraham het hierdie verbond ook betrekking op ons. Hierdie is die verbond wat heengewys het na die bloedverbond wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het, bekend as die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11). Volgens hierdie verbond, wat se oorsprong die verbond met Abraham was, sou Israel 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie vir YHVH wees indien hulle YHVH se stem sou gehoorsaam en Sy verbond sou nakom.

*Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê. Ex. 19:5 en 6.*

Die boek van die bloedverbond (Ex. 19:5 tot 24:11) was die 'uitbreiding' van die verbond met Abraham en Israel moes soos hulle vader Abraham in vertoue en gehoorsaam volgens YHVH se Torah lewe. Die volk het eenparig geantwoord:

*Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Moshe het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe. Ex. 19:8*

*Moshe het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel. Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die*



*volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees. Ex. 24:6 en 7.*

Maar weens die sonde van die goue kalf is hierdie bloedverbond verbreek, en daarmee saam ook die verbond met Abraham. Hierdie sonde het die doodvonnis vereis! Maar let daarop dat dit slegs die bloedverbond met Abraham, naamlik soos in Genesis hoofstuk 15 beskryf word, wat verbreek was. Die gedeelte van die verbond met Abraham wat ‘n eedswering was (Gen. 12:2 en 3) was nie verbreek nie. YHVH was steeds getrou aan hierdie verbond en Hy sal die belofte van hierdie verbond gestand doen, want YHVH het ‘n eed by Homself gesweer.

Die verbreking van die bloedverbond met Abraham en van die bloedverbond bekend as die boek van die verbond vereis egter die doodstraf! Yeshua was die Middelaar van die bloedverbond met Abraham en Moses was die middelaar van die boek van die verbond. En omdat Moses ‘n sinnebeeld van Yeshua is, is Yeshua die Een wat kon sterf in die plek van Israel vir die verbreking van beide bloedverbonde, sodat die skuld betaal kon word en ‘n nuwe verbond in Yeshua gesluit kon word!

Maar tot Yeshua sou kom was die boek van die wet, naamlik die Torah van Moses aan Israel gegee om hulle in bewaring te hou en om as tugmeester (gids) te dien tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25) om die sondeskuld vir die verbreking van die bloedverbond te betaal en vir die oortreding van die Torah van Moses waardeur geen mens geregtig kon word nie!

### **Die Nuwe Verbond**

Die nuwe verbond se begin is dus die verbond met Abraham. Soos reeds genoem het Israel by Sinai aangekom as die nageslag van Abraham en dus deel van die verbond van Abraham en het hierdie verbond ook op ons, as die nageslag van Abraham, betrekking. So ook het die bloedverbond wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het, bekend as die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11), ook op ons betrekking soos Moses met die wat voor die aangesig van YHVH staan gespreek het en ook met die wat nie saam met hulle daar was nie, naamlik die toekomstige nageslagte (Deut. 29:15).

YHVH het ook reeds voor die grondlegging van die wêreld ons gekies en deur Yeshua as kinders gevestig.

*net soos Hy ons vroeër, in eenheid met Hom, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel en ons as kinders gevestig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een, want dit stel Sy wil tevrede. Efes. 1:4 en 5.*

Daarom was ons as erfgename van Abraham, ook soos Israel van ouds, skuldig aan die verbreking van die bloedverbond met Abraham en ook skuldig aan die aanbidding van die goue kalf wat die verbreking van die boek van die verbond was.

Die vonnis vir die verbreking van ‘n bloedverbond is die doodstraf en Yeshua het namens elkeen gesterf wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob en wat die bloedverbond met Abraham en die boek van die (bloed)verbond verbreek het. Daarom kon daar ‘n nuwe verbond in Yeshua gesluit word soos wat die profeet Jeremia geprofeteer het en in die Skrifte van die nuwe verbond bevestig word.

<sup>8</sup> *want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra’el en oor die huis van Y’hudah ‘n nuwe verbond tot sy doel sal bring,*

*9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.*

*10 “Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra’el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle ’n God wees en hulle sal vir My ’n volk wees*

*11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.*

*12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”*

YHVH het Sy verbond van eedswering aan Abraham (Gen. 12:2 en 3) gestand gedoen en daarom is elkeen wat glo in Yeshua as die Messias tot versoening met YHVH ’n afgesonderde volk vir YHVH en Sy koninklike priesterdom volgens die belofte van Ex. 19:5 en 6. Die Apostel Petrus bevestig dit toe hy geskryf het:

*Julle is ’n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprijsing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.*

1 Pet. 2:9 en 10.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Abraham, ons vader van die vertrou, is ons voorbeeld van hoe om in die regte verhouding met YHVH as God en Vader te lewe. Hy, sowel Isak, Jakob en sy nageslag het as regverdige gelewe sonder die Torah wat YHVH aan Moses gegee het. Dit was moontlik omrede Abraham na die stem van YHVH geluister (*ge-sh’ma*) het en YHVH se ordening (*mishmeret*), gebooi (*mitzvot*), insettinge (*chukkah*) en wette (*torah*) onderhou (*ge-sh’mar*) het (Gen. 26:4 en 5). Ons aardsvaders en hulle nageslag tot by die berg Sinai, en voor die sonde van die goue kalf, was deel van die Melgisédék priesterorde soos ons die heenwysing vind in Abraham se ontmoeting met Melgisédék (Genesis hoofstuk 14).
2. Daar was dus ’n priesterorde! Die Priesterorde van eersgeborenes, naamlik van die Melgisédékorde (*Malki Tzedek* – Koning van Geregtigheid)! Verwys Heb. 7:1 tot 3. Die Woord dui hier aan dat Melgisédék YHVH die Allerhoogste is. Hy is sonder ouers, en Hy is die Skepper van alle dinge (Joh. 1:1 tot 5). YHVH het Homself as ’n Priester voorgestel aan Abraham (Gen. 14:18 tot 20) soos wat Hy later as Yeshua sou wees. In Joh. 8:58 lees ons: *Yeshua sê vir hulle; Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.*
3. Die besnydenis is nie ’n verbond nie, maar slegs die teken van die verbond van Genesis 15. Abraham en sy nageslag het deel van die verbond geword deur die sny van die voorhuid. Maar Yeshua het ons besnydenis geword (Kol. 2:11) – geen vleeslike besnydenis is dus meer nodig nie, maar wel die besnydenis van die hart (Rom. 2:28 en 29).

-0-0-0-0-0-0-0-0-

*Tog, wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement, wynruit (dille) en elke soort krui en julle ignoreer die regverdige oordeel en die liefde van God. Hierdie dinge moet julle doen sonder om die ander na te laat. Luk. 11:42.*



*Wee julle, kenners van die wet, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie en julle het die wat wou ingaan, gekeer. Luk. 11:52*

## **Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?**

### **Deel 2: Die Torah en die Talmud**

#### **Hersiening Deel 1**

In Deel 1 (Yeshua en die Fariseërs) is bewys gelewer dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting is van Fariseïsme soos dit in die tyd van Yeshua en die Apostels was. Ons is bekend met die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het en dat ons Messias ons ernstig gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs. As getroue volgelinge van Yeshua moet ons Sy siening van, en Sy waarskuwing teen die Fariseërs en dus Rabbynse Judaïsme, ter harte neem!

Beteken dit dat die Jode, en Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp, gehaat word? **Nee**, want Yeshua het nie die Fariseërs gehaat nie, maar het hulle leerstellings en die gees wat in hulle harte geheers het veroordeel!

Maar aansluitend by Deel 1 is dit belangrik om te verstaan dat hoewel Abraham, Isak en Jakob beskou word as die fisiese en geestelike patriarge van die Jode en van Judaïsme, is dit verkeerd om hierdie drie aardsvaders as Jode of die navolgers van Judaïsme te beskou, want hierdie terme het eers baie eeue later in gebruik gekom. Abraham was 'n Hebreër. In Hebreeus is hy bekend as *Avraham Ha-Ivri*, naamlik Abraham die Hebreër. Die letterlike betekenis van *Ha-Ivri* is: *die een wat aan die anderkant staan* – hy het uit afgodery oorgegaan en YHVH vertrou en gevolg.

Daarom moet ons nie die geloofswandel van Abraham, Isak, Jakob en Israel van die ou verbond verwar met Fariseïsme en Rabbynse Judaïsme nie!

Die Jewish Encyclopaedia beskryf dit soos volg:

*Extending over thirty-five centuries of history and over well-nigh all the lands of the civilized globe, Judaism could not always retain the same form and character. Judaism in its formative period, that is, in the patriarchal and prophetic times, differed from exilic and post-exilic Judaism; and rabbinic or pharisaic Judaism again presents a phase quite different from Mosaic Judaism, to which the Sadducees, and afterward to some extent the Karaites, persistently clung.* (<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/9028-judaism>)

Deur vertroue in Yeshua as die Messias is ons die nageslag van Abraham (Gal. 3:29) en is hy ons voorbeeld van gehoorsamenheid onder die nuwe verbond – die evangelie wat aan Abraham verkondig was (Gal. 3:8).

In Deel 2 sal die verskil tussen die Torah en die Talmud bespreek word, want die meerderheid in die Christendom weet nie wat die verskil is nie en baie weet selfs ook nie wat die Torah van YHVH is nie! Hierdie definisies van Torah en Talmud en die verskille tussen die twee is van kardinale belang voordat ons voortgaan met ons studie van Rabbynse Judaïsme.

#### **Wat Is Die Torah?**

Die Hebreeuse woord *Torah* (הַתּוֹרָה), is afgelei van die woord *yareh* (יָרֵה) wat 'n pyl-en-boogskiet term is. *Yareh* beteken om met 'n boog te skiet met die doel dat die pyl die teiken

tref, met ander woorde ‘n kolskoot! Die teiken is die waarheid van YHVH-God en hoe die verhouding tussen God en die mens moet wees. Daarom is die hoofdoel van die Torah van YHVH om die mens die waarheid aangaande God te leer. Dit is die waarheid aangaande die Karakter en die Outoriteit van God en die instruksies van God aan die mens.

Daar is twee ander verwante Hebreuse woorde wat ook afgelei word van *Yareh*. Die een is *moreh* (הרומ) en is die woord vir onderwyser (leraar). ‘n *Moreh* is iemand wat sy studente die instruksies van Torah leer. Die tweede belangrike woord afgelei van *Yareh* is *horeh* (הרה) wat ‘n ouer verteenwoordig wat sy kind(ers) die instruksies van Torah moet leer.

Streng gesproke beteken Torah dus YHVH se instruksies, maar dit is instruksies wat ook YHVH se onderrig en wysheid bevat. *Torah* se betekenis sluit egter ook die gedagte in *om rigting aan te dui* soos duidelik is volgens Ps. 119:105 – *U boodskap is ’n lamp vir my voet en ’n lig op my pad.*

Daarom kan ons YHVH se Torah soos volg definieër:

*Al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH soos in die Afgesonderde Skrifte van Genesis tot Openbaring opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.*

Torah kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van ‘n vader van sy kinders. Hierdie betekenis moet deurgaans in gedagte gehou word.

Maar afhangend van die konteks waarin die woord Torah gebruik word, kan dit ook die volgende beteken:

- Die eerste vyf boeke van die Skrifte, naamlik die boeke van Moses en ook bekend as die Pentateug.
- Die Torah (wet) van Moses.
- Die *Tanakh*, naamlik al die Skrifte van die ou verbond. *Tanakh* is die akroniem vir *Torah* (die eerste vyf boeke van Moses), *Nevi'im* (die Profete) en *K'tuvim* (die Geskrifte, naamlik die res van die boeke van die ou verbond).
- Vir gelowiges van die nuwe verbond is dit al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH van Genesis tot Openbaring.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat Torah, naamlik die vyf boeke van Moses, asook die profete ‘n heenwysing is na die nuwe verbond, want Moses en die profete het van Yeshua getuig (Luk. 24:27; Joh. 1:46; Joh. 5:46). Daarom: In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die Torah en die profete dus openbaar gemaak, bevestig en vervul.

In die Griekse vertaling van die Skrifte is *Torah* met *nomos* vertaal. Die oorspronklike betekenis van *nomos* is nie YHVH se Torah nie, maar wette soos landswette, naamlik mensgemaakte wette. Waar die woord wet (wette, *law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van ‘n mensgemaakte wet, of as Torah, in die sin van ‘n wet (onderrig, instruksie en leerstelling) van YHVH vertaal moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (Torah).

Hierdie onderskeid tussen *wet* en *Torah* is baie belangrik en moet voortdurend in die Afrikaans en Engelse vertalings van die Skrifte gemaak word. ‘n Wet is uitsluitlik *‘n moet of ‘n moenie*. Die mens wat nie aan die *moet* of *moenie* gehoorsaam is nie, oortree die wet en sal

gestraf word. Die *Torah* se uitsluitlike doel is egter om die mens te onderrig deur instruksies en leringe soos opgeteken is in die Woord van YHVH. In hierdie instruksies en leringe is die *moets* en *moenies* vervat. Gesamentlik vorm dit die lamp vir ons voet en die lig op ons pad (Ps. 119:105).

### **Torah Boekrol ('Torah Scroll') en die *Chumash***

In elke sinagoge is die vyf boeke van Moses 'n handgeskrewe perkamentrol (Torah boekrol) wat gemaak word van spesiaal voorbereide kalf-, skaap- of bokvel. Die perkamentrol word in 'n ark bewaar en word slegs tydens 'n diens uitgehaal om gelees te word of om by spesiale geleenthede vertoon te word. Die ark is simbolies van die verbondsark. Die leser mag nie aan die geskrewe teks raak nie en daarom word 'n wyser bekend as 'n *yad*, gewoonlik in die vorm van 'n klein handjie met 'n wysvinger, gebruik.

*Chumash* is afgelei van die Hebreeuse woord wat vyf beteken. Daarom is 'n *chumash* 'n boek bevattende die vyf boeke van Moses, maar verwys meestal na een waar die vyf boeke onderverdeel is om ooreen te stem met die weeklikse *parashot* (54 Torahskriflesings).

### **Torah En Die Verbonde**

Soos reeds genoem kan YHVH se Torah beskou word as al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH soos opgeteken is in die Skrifte vanaf Genesis tot Openbaring.

Daarom is die uiters belangrik om eerstens te verstaan dat YHVH se Torah reeds in die tuin van Eden aan Adam en Eva gegee was. Tweedens moet ons verstaan dat YHVH se Torah hand-aan-hand gaan met die bepaalde verbond wat op daardie stadium van toepassing was! Daarom is daar 'n verskil in YHVH se Torah soos daar 'n verskil is tussen die verbonde. Met elke verbond het YHVH Sy Torah "aangepas".

YHVH se verhouding met die mens was van die begin af in die tuin van Eden, en is steeds vandag, 'n verbondsverhouding. Die verbonde en YHVH se Torah ten opsigte van elk van daardie bepaalde verbonde moet gesien word as deel van YHVH se plan van herstel tot soos dit was voor die sondeval. Verwys na die notas van Parashah 1.17 wat afgelaai kan word by: [Parashah1Notas.17](#).

Daarom is die volgende van kernbelang:

Eerstens: Die Torah van Moses (die boek van die wet) wat aan Israel na die sonde van die goue kalf gegee was, is nie YHVH se 'finale' Torah vir die mens nie en daarom is dit nie van toepassing op die gelowige in Yeshua van die nuwe verbond nie. Dit was slegs die tugmeester (gids) tot Yeshua se folterdood en opstanding (Gal. 3:24 en 25).

Tweedens: In die lig hiervan moet ons weet wat behels die Torah van die nuwe verbond (die Torah van Yeshua; die Melgisédék Torah), want dit is die gehoorsaamheid waarmee ons vertrou in Yeshua as die versoening met YHVH opgevolg moet word.

Onthou: Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua as Messias en derhalwe die Skrifte van die nuwe verbond en daarom is die Torah van Moses vir hulle YHVH se 'finale' Torah. Maar die Skrifte van die nuwe verbond, veral die brief aan die Hebreërs, stel dit duidelik dat daar 'n verandering in die Torah van Moses plaasgevind het na Yeshua se folterdood en opstanding. Yeshua het die Torah van Moses vervul (Matt. 5:17) – in alle opsigte daaraan voldoen – anders sou Hy nie vir die sondes van Israel kon sterf nie. Hierdie is 'n onderwerp wat nie verder hier bespreek sal word nie, maar 'n bondige artikel ter verduideliking kan afgelaai word by: [MelgisedekordeSaamgevat](#).

## Wat Is Die Talmud?

Die Hebreeuse woord Talmud (תלמוד) beteken instruksies met die doel om te leer.

In sy eenvoudigste definisie is die Talmud die mondelinge Torah (“Oral Torah”). Rabbynse Judaïsme glo dat Moses het ‘n geskrewe Torah, naamlik die vyf boeke van Moses, sowel as ‘n Mondelinge Torah ontvang. Die Mondelinge Torah is die kommentare op die geskrewe Torah. Hierdie kommentare is hoe om die geskrewe Torah te verklaar en dit prakties toe te pas. Die Talmud word algemeen beskou as die wette van Rabbynse Judaïsme, maar daar word dikwels na dit verwys as die Joodse wette!

Hierdie kommentare is vir eeue mondelings oorgedra, maar is ongeveer in die tweede eeu na Messias deur Rabbi Yahudah Hanasi (Juda die Prins) in geskrewe vorm saamgestel en is bekend as die *Mishnah*.

In die daaropvolgende eeue is bykomende kommentare oor die inligting vevrvat in die *Mishnah* geskryf en dit is deur die *Geonim* van Babilon (die hoofde van die akademies in Sura en Pumbedita) in die vyfde eeu saamgevoeg en word die *Gemara* genoem. Die Talmud bestaan dus uit die *Mishnah* en die *Gemara*.

Daar is die Babiloniese Talmud en die Jerusalem Talmud, maar die Babiloniese weergawe word as die gesaghebbende Talmud beskou.

Die wyse wat die Talmud in Hebreeus geskryf is, maak dit moeilik vir die leek om dit te lees en te verstaan, want dit is dikwels in snelskrif (telegramstyl) en met die veronderstelling dat die leser reeds weet waaroor die bespreking handel. Teksverse word soms aangedui deur slegs twee of drie woorde. Dikwels word verskillende menings oor ‘n onderwerp gegee sonder uitsluitel wat die aanvaarbare of korrekte is.

Die *Mishnah* is in ses hoofgroepe bekend as *Sedarim* (enkelvoud *Sedar*) verdeel. Elke *Sedar* word verder onderverdeel in *masekhtot* (verhandelinge; “tractates”). Daar is altesaam 63 *Masekhot* in die *Mishnah*.

Die ses *Sedarim* is die volgende:

- *Zera'im* (Sade), insake landbouwette
- *Mo'ed* (Feeste), insake Shabbat en die Feestye
- *Nashim* (Vroue), insake die huwelik, egskeidings en kontrakte
- *Nezikin* (Skades), insake deliktereg (onregmatighede) en ander finansiële wette. Avot (ook bekend as Pirkei Avot – die etiek van die vaders) is ook een van die *masekhtot*.
- *Kodashim* (Heilige Dinge), insake offerandes en die tempel.
- *Toharot* (Reinheid), insake wette van rituele reinheid en onreinheid.

### **Midrash en Responsa**

Buiten die Talmud is daar die *midrashim*, ook genoem *midrash aggadah*, ‘n versameling werke wat basies stories is van spesifieke gebeurtenisse in die Tanakh met die doel om sekere beginsels van Joodse wette toe te lig of om sedelike en morele waardes te illustreer en te leer.

Verder is daar ook die skrywes van befaamde rabbis waarin spesifieke vrae ten opsigte van die toepassing van die Joodse wette beantwoord word – vrae wat ontstaan weens byvoorbeeld ontwikkelinge op die gebied van die tegnologie en die wetenskap, asook weens ‘n veranderende samelewing. Hierdie vrae en antwoorde staan bekend as *Responsa* en daar is reeds sowat 2 000 volumes gepubliseer. As voorbeeld die volgende: Toe elektisiteit ontdek is en algemeen in gebruik gekom het, was die vraag of die aanskakeling van ‘n lig op Shabbat gelykstaande is aan die aansteek van ‘n vuur (Ex. 35:3).

### Opsomming

In die “Universal Jewish Encyclopedia”, onder die afdeling "Pharisees" lees ons die volgende:

*The Jewish religion as it is today traces its descent, without a break, through all the centuries, from the Pharisees. Their leading ideas and methods found expression in a literature of enormous extent, of which a very great deal is still in existence. The Talmud is the largest and most important single member of that literature, and round it are gathered a number of Midrashim, partly legal (Halachic) and partly works of edification (Haggadic). **This literature, in its oldest elements, goes back to a time before the beginning of the Common Era, and comes down into the Middle Ages. Through it all run the lines of thought which were first drawn by the Pharisees, and the study of it is essential for any real understanding of Pharisaism.***

Die belangrikheid van die Talmud in die lewe van Rabbynse Judaïsme word duidelik uit die volgende woorde van bekende Jode:

*If the Bible is the cornerstone of Judaism, then the Talmud is the central pillar, soaring up from the foundations and supporting the entire spiritual and intellectual edifice. In many ways the Talmud is the most important book in Jewish culture, the backbone of creativity and of national life. No other work has had a comparable influence on the theory and practice of Jewish life, shaping spiritual content and serving as a guide to conduct – Rabbi Steinsaltz.*

*The Talmud is to this day the circulating heart's blood of the Jewish religion. Whatever laws, customs or ceremonies we observe — whether we are Orthodox, Conservative, Reform or merely spasmodic sentimentalists — we follow the Talmud. It is our common law – Herman Wouk.*

*The Bavli [Babylonian Talmud] has formed the definitive statement of Judaism from the time of its closure to the present day – Rabbi Dr. Jacob Neusner*

Rabbynse Judaïsme stel die gesag van die Babiloniese Talmud bokant die van die Tanakh! In verdere aflewings sal daar verder hierop uitgebrei word.

Vir eeue was die Talmud slegs in Hebreeus beskikbaar. Die eerste Engelse vertaling van die Talmud is die Soncino Uitgawe van 1934-48.

### Yeshua en die Talmud

Die “Universal Jewish Encyclopedia” bevestig dat die Mondelinge Torah reeds in die dae van Yeshua en die Apostels die wette was waarvolgens die Fariseërs gelewe het: *This literature, in its oldest elements, goes back to a time before the beginning of the Common Era.* Hierdie



feit word deur die Skrifte van die nuwe verbond bevestig soos byvoorbeeld die vraag van die Fariseërs aan Yeshua en Sy antwoord aan hulle in Matt. 15:1 tot 3:

*Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê: <sup>2</sup> “Waarom oortree U studentevolginge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?” Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?”*

Hierdie tradisionele wette (oorleweringe) van die oudstes (ou mense) is die Mondelinge Torah.

<sup>5</sup> *Die Fariseërs en die leraars van die wet vra vir Hom: “Waarom leef U studentevolginge nie volgens die tradisies van die oudstes nie, maar eet brood met ongewaste hande?”*

<sup>6</sup> *Hy antwoord en sê vir hulle: “Yesha’yahu het reg geprofeteer oor julle, toneelspelers van ’n vals karakter, soos geskrywe is: ‘Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af <sup>7</sup> en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,’ <sup>8</sup> want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekere en baie ander dinge, dit doen julle.” <sup>9</sup> Hy sê vir hulle: “Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig, <sup>10</sup> want Moshe het gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,’ <sup>11</sup> maar julle sê: ‘As ’n mens aan vader of moeder sê: Wat ek vir u tot voordeel kon gee is my offergawe,’ <sup>12</sup> dan laat julle hom niks meer doen vir sy vader of sy moeder nie. <sup>13</sup> Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge.” Mark. 7:5 tot 13.*

Die Fariseërs het die gebod om jou vader en moeder te eer deur vir hulle te sorg in hulle oudag omseil en opgehef deur ’n offergawe aan die tempel te maak volgens die oorlewering van die tradisies (Mondelinge Torah). Daarom het Yeshua aan hulle gesê: *Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge.*

Yeshua het aan die Fariseërs gesê: *julle doen baie soortgelyke dinge.* In die lig van die magdom volumes wat die hedendaagse Talmud, plus ander werke oor die verklaring en toepassing van die Torah van Moses, beslaan, en hoeveel mensgemaakte wette deur die eeue dus bygevoeg is, kan ons soveel meer verstaan hoekom Yeshua aangaande die Fariseërs gesê het: *want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie (Matt. 23:4).*

Maar Yeshua rig ’n uitnodiging aan elkeen toe Hy gesê het:

<sup>28</sup> *Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee. <sup>29</sup> Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, <sup>30</sup> want My juk is aangenaam en My las is lig.” Matt. 11:28 tot 30.*

In die lig hiervan kan ons ook verstaan hoekom Yeshua Sy studentevolginge gewaarsku het teen die leerstellings (suurdeeg) van die Fariseërs en ons dus vandag ook waarsku teen Rabbynse Judaïsme.

As gelowiges in Yeshua verwerp ons die Talmud!

In Deel 3 sal die Talmud verder bespreek word en later ook die invloed van die Babiloniese afgodery op dit wat in die Talmud geskryf is!



Maar intussen vra jouself: Hoekom is die Talmud en Talmud verwante literatuur 'n lofprysing van die naam Babilon en die waarde wat dit vir Babiloniese Talmudisme het, terwyl daar in die Skrifte van die nuwe verbond 'n besliste waarskuwing teen Babilon is en vir alles wat dit verteenwoordig?

Volgens Rabbynse Judaïsme:

*"The Babylonian Exile is a momentous period ... During that Exile Israel found itself. It ... rediscovered the Torah and made it the rule of life ..." When we come to the Babylonian Gemara, we are dealing with what most people understand when they speak or write of the Talmud. Its birthplace, Babylonia, was an autonomous Jewish center for a longer period than any other land; namely from soon after 586 before the Christian era to the year 1040 after the Christian era"* – Rabbi J. H. Hertz; Voormalige Hoof Rabbi van Groot Britanje.

Maar volgens YHVH se Woord:

*Die groot stad is in drie dele verdeel, die stede van die nasies het geval en God het Bavel, die grote, onthou, om vir haar die beker, met die wyn van die wraak van Sy woede, te gee. Open. 16:19.*

*en tussen haar oë is geskryf: die geheime, groot Bavel, die moeder van hoere en van die vuilhede van die aarde. Open. 17:5.*

*Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4 en 5*

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom in Yeshua Messias.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

-0-0-0-0-0-0-0-0-